ISRAEL: DIE RYKE JUDA EN ISRAEL

HOOFSTUK 19: DIE SKEURING VAN DIE RYK TOT MET DIE WEGVOERINGS IN BALLINGSKAP

1. Die aanloop tot die skeuring

Onder Dawid en Salomo het Israel baie voorspoed geniet. Salomo het egter godsdienstig afvallig begin raak. Dit was die begin van die einde van die ryk van Israel.

Die Here se uitdruklike gebod was dat die koning van sy volk nie baie vroue moet hê nie sodat hy nie aan die Here ontrou word nie (Deut. 17:17). 'n Huwelik met heidene is ook verbied (Deut. 7:3).

- Salomo het hom egter nie hieraan gesteur nie en vroue uit die Moabiete, Ammoniete, Edomiete, Sidoniërs en Hetiete geneem, altesaam 700, en daarby nog 300 byvroue.
- Hierdie heidense vroue het sy hart so in beslag geneem dat hy God en sy diens begin vergeet het.
- Sy ywer vir die diens van die Here het langsamerhand verkoel en sy vroue het hom tot afgodery verlei.
- Die Bybel noem dat hy vir sy vroue altare vir hulle afgode laat bou het. In 1 Konings 11:5 lees ons dat hy Astarte, die godin van die Sidoniërs, en Milkom, die afskuwelike god van die Ammoniete, gedien het.

Dit is moeilik om te verstaan dat 'n man wat so hoog gestaan het, so diep kon val.

- Salomo het 'n verderflike invloed op sy volk gehad. Sy afvalligheid het die Here kwaad gemaak.
  - Die Here het vir Salomo gesê dat Hy sy koningskap vir 'n onderdaan van hom gaan gee.
  - Die dienaar wat hier genoem word, is Jerobeam, seun van Nebat. Salomo het hom as opsigter oor al die dwangarbeiders aangestel toe die vesting Millo gebou is om die stad en tempel te beveilig.
  - Ter wille van Dawid sal die Here egter nie die hele koninkryk wegneem nie. Hy gaan een stam vir Salomo se seun laat oorbly.

Na Salomo se dood het Israel vinnig agteruitgegaan. Onder Rehabeam as opvolger van Salomo het daar 'n skeuring plaasgevind.

- Slegs twee stamme – Juda en Benjamin – het getrou gebly aan die huis van Dawid.
- Die ander tien stamme het losgeskeur en Jerobeam as koning gekies.
- Hierdie skeuring was 'n straf vir Salomo se sonde.
  - Die twee koninkryke wat ontstaan het, was dikwels vyandig teenoor mekaar, en dit het tot broederoorlog gelei.
  - Die ergste was egter dat hulle ontrou geword het aan die diens van die Here.
  - Die rykdom en voorspoed wat die regeringstyd van Dawid en Salomo gekenmerk het, was iets van die verlede.

2. 'n Swak opvolger: Rehabeam

2.1 Israel ontevrede

Toe Salomo na 'n regeringstyd van 40 jaar sterf, is hy deur sy seun Rehabeam opgevolg.

- Die volk het egter nog nie daaraan gedink om 'n nuwe koning te kies nie en wag Rehabeam in in Sigem.
- Hulle het 'n dringende versoek aan hom. Ter wille van al Salomo se bouplanne het hy sy volk

swaar belas.
    - Terwyl hy regeer het, het die volk daaroor geswyg.
    - Noudat daar ’n nuwe koning kom, wil hulle egter ’n end daaraan maak.
- Die volk het Jerobeam uit Egipte laat kom om as woordvoerder op te tree.
    - Hulle wil verligting hê van die swaar juk wat Salomo hulle opgelê het. As Rehabeam daartoe inwillig, sal hulle hom dien.

Rehabeam het die oudstes van Israel gaan raadpleeg.
- Die ou raadsmanne het hom aangeraai om die versoek van die volk toe te staan.
- Hy wil egter ook die jong manne wat saam met hom opgegroei het, se raad inwin.
    - Hulle raad is dat hy nie aan hulle versoek moet voldoen nie. Hy moet nog strenger as sy pa oor hulle heers.
    - Rehabeam volg sowaar dié dwase raad.

Die gevolg was natuurlik dat die volk hom nie as koning wou hê nie.
- Tien stamme verlaat hom en kies Jerobeam as koning.
- Slegs Juda en Benjamin bly getrou aan Rehabeam. Hierdie ryk sou voortaan bekend staan as Juda.
- Rehabeam probeer nog om die saak te red. Hy stuur vir Adoram om die volk in bedwang te hou.
    - Die volk is egter so woedend dat hulle vir Adoram stenig.
    - Rehabeam besef dat sy lewe in gevaar is en vlug na Jerusalem.
- Die Here het Rehabeam verbied om ’n burgeroorlog te begin. So was die skeuring ’n voldonge feit.

2.2 Die regering van Rehabeam

Die eerste drie jaar van sy regering was Rehabeam nog getrou aan die Here.
- Sy erns het gou verslap en hy en die volk het van die Here afgewyk.
- Hulle offer nie meer net in die tempel nie maar ook op die hoogtes en selfs vir die afgode.
- Die Here straf die volk deur ’n inval deur Sisak, koning van Egipte.

Die profeet Semaja wys die koning en die volk daarop dat die inval ’n straf van die Here is.
- Hulle bekeer hulle tot die Here en Jerusalem word nie ingeneem nie.
- Rehabeam moes egter groot skatte aan Sisak gee – al die skatte van die tempel en van die paleis, en ook die goue skilde wat Salomo vir sy lyfwag laat maak het.

3. Juda se konings ná Rehabeam

3.1 Abia

Rehabeam se seun Abia volg hom op.
- Hy het ook nie die Here met sy hele hart gedien nie.
- Hy maak oorlog teen Israel en neem ’n paar van hulle stede af, onder andere Bet-El.

3.2 Asa

Asa volg sy pa op en regeer 41 jaar oor Juda.
- Hy het, soos Dawid, die Here met sy hele hart gedien.
- Hy roei die afgode uit, sit sy grootmoeder Maäga af as koninginmoeder, en verbrand die Astartebeeld wat sy opgerig het.
- Toe die Kussiete, onder Serag, Juda tien jaar later ingeval het, het Asa tot die Here gebid.
- Die Here verskrik Serag se leër sodat Asa hulle maklik verslaan.

Toe Baesa, die koning van Israel, Juda wou binneval, maak Asa egter die fout om nie sy hulp by die Here te soek nie maar by Benhadad.

- Benhadad was die heidense koning van Damaskus.
- Benhadad neem ’n paar stede van Israel af en Asa breek die versterkte stad af wat Baesa gebou het.
- Die Here stuur die profeet Hanani om Asa te bestraf, maar Asa gooi Hanani in die gevangenis.

Toe Asa later siek word, vertrou hy meer op mense as op die Here.

4. Tienstammerykgeskiedenis: Jerobeam word koning van Israel

- Die ryk van die tien stamme word Israel genoem.
- Sigem is aanvanklik die hoofstad van dié ryk.

4.1 Jerobeam is afvallig van die Here

Jerobeam het een groot probleem gehad. Vir die groot feeste moes die volk na Jerusalem gaan (nou die hoofstad van die ryk van Juda).

- Jerobeam was bang dat die volk afvallig sou word van hom as hulle gereeld Jerusalem toe moet gaan.
- Hy maak toe ’n plan om hulle van Jerusalem af weg te hou:
  - Hy bou twee tempels: een in Bet-El en een in Dan.
  - In elkeen plaas hy ’n goue kalf wat bedoel is om ’n afbeelding van die Here te wees.
  - So verlei hy die volk tot dieselfde sonde wat Israel in die woestyn gedoen het.

4.2 Jerobeam word gewaarsku

Met die inwyding van die tempel by Bet-El stuur die Here ’n profeet uit Juda na Jerobeam toe.

Net toe Jerobeam op die altaar klim om die eerste offer aan te steek, hoor hy skielik ’n stem wat uitroep:

> “Altaar, altaar, so sê die Here: Daar sal uit die nageslag van Dawid ’n seun gebore word met die naam Josia, en hier op jou sal hy die priesters van die hoogtes slag wat op jou offers bring, en hier op jou sal mensbene verbrand word.”

- Jerobeam steek sy hand na die profeet uit en sê: “Gryp hom!”
- Sy hand bly egter stokstyf staan en die altaar skeur uitmekaar.
- Jerobeam moes die profeet smeek om die Here te vra om sy hand weer reg te maak, en sy hand word genees.

Die profeet aanvaar nie Jerobeam se uitnodiging om by sy huis te gaan eet nie, want die Here het hom verbied om enigiets in Bet-El te eet of te drink.

- Die ander ou profeet ry egter agter hom aan en sê dat die Here aan hom geopenbaar het dat hy maar by hom kon kom eet.
- Die profeet uit Juda draai om en gaan eet by die ou man sonder om die Here te raadpleeg.
- Vir sy ongehoorsaamheid word hy op sy terugreis deur ’n leeu doodgebyt.

4.3 Die Here straf Jerobeam en sy huis

Abia, Jerobeam se oudste seun, word baie siek en sy ma gaan vra die ou profeet wat met hom gaan gebeur.

- Hy openbaar aan haar dat Jerobeam se hele geslag uitgeroei gaan word.
- Net hulle seun Abia sal begrawe word omdat hy die Here gedien het.

- Toe sy by die huis kom, sterf haar seun.

4.4 Die uiteinde van Jerobeam en sy huis

Na 22 jaar as regeerder oor Israel sterf Jerobeam.

5. Israel se konings na Jerobeam

5.1 Nadab

Jerobeam word opgevolg deur sy seun Nadab. Twee jaar later word Nadab en sy hele familie vermoor deur Baesa wat self koning word.

5.2 Baesa

- Hy hou vol met die kalwerdiens en die Here waarsku hom deur die profeet Jehu.
- Na sy dood regeer sy seun net twee jaar voor hy vermoor word deur Simri wat in sy plek koning word.
- Simri regeer net sewe dae toe Omri hom probeer vermoor.

5.3 Omri

- Na ’n paar jaar slaag Omri daarin om die koningskap werklik te verkry en stig ’n nuwe hoofstad – Samaria.
- Voortaan sou Samaria die hoofstad van Israel bly.
- Omri sondig nog meer as sy voorgangers met die kalwerdiens.

5.4 Agab

Agab volg sy pa, Omri, op.

- Hy was getroud met Isebel, dogter van Etbaäl, koning van die Sidoniërs.
- Onder die invloed van Isebel voer Agab die diens van Baäl Melkart, die afgod van Sidon, in Israel in.
- Isebel onderhou 450 Baälprofete en 400 profete van Astarte.
- Die profete van die Here word uit Israel verdryf en doodgemaak.

	Konings van Juda		**Konings van Israel**
1	Rehabeam	1	Jerobeam
2	Abia		
3	Asa	2	Nadab
		3	Baesa
		4	Ela
		5	Simri
		6	Omri
		7	Agab
4	Josafat		
		8	Ahasia
		9	Joram
5	Joram		
6	Ahasia		
7	Atalia	10	Jehu
8	Joas		
		11	Joahas
		12	Joas
9	Amasia		
		13	Jerobeam II
10	Ussia (Asarja)		
		14	Sagaria
		15	Sallum
		16	Menahem
		17	Pekahia
		18	Peka
11	Jotam		
12	Agas		
		19	Regeringloosheid
		20	Hosea
13	Hiskia		
			Ondergang van die ryk
14	Manasse		
15	Amon		
16	Josia		
17	Joahas		
18	Jojakim		
19	Jojagin		
20	Sedekia		
	Ondergang van die ryk		